# Brokkies & Snippets

**Nuusbrief / Newsletter** 2026/01

**Belangrike Telnrs. / Important Tel. Nos.**

*Ambulans, Brand / Ambulance, Fire*
086 010 1214

*Instandhouding (na-ure noodnr.) / Maintenance (after hours emergency no.)*
076 493 9475

*Sekuriteit / Security*
9911
060 711 3315

**Mediese noodgevalle / Medical emergencies:**

*Sorgeenheid (na-ure) / Frail Care (after hours)*
2009 / 2010
010 007 4154/5
071 568 1450

*Oordverpleegster (Maandag—Vrydag) / Village Nurse (Monday—Friday) 08:00—16:00*
2012
065 595 5505

*Maatskaplike Werker / Social Worker*
2013

*Ontvangs / Reception*
2000 / 2001
010 007 4160

*Kombuis / Kitchen*
2003 / 2004
*(WhatsApp: 074 952 1515 — nie op Donderdae of Saterdae nie / not on Thursdays or Saturdays)*

*Haarsalon / Hair Salon*
2006
081 515 9115

*Skoonheidsalon / Beauty Salon*
2007

*Kiosk*
2005

*Wassery / Laundry*
9913

*Oordbestuurder / Estate Manager*
2002

## Nuwejaarsboodskap: 2026




Die jaar 2025 is in 'n oogwink verby. Soos elke jaar, was dit ook in Bronberg Aftreelandgoed 'n jaar vol hoogte- en laagtepunte. Dit was ook 'n jaar waarin baie vernuwing plaasgevind het. Ons het 'n nuwe Algemene Bestuurder, 'n nuwe Maatskaplike Werker, een nuwe Klinieksuster, 'n nuwe Biblioteek, 'n nuwe Toegangsbeheerstelsel, 'n nuwe diensverskaffer in *Procare* by ons Sorgsentrum, 'n nuwe Makelaar en Versekeraar, 'n nuwe Redakteur vir Brokkies, twee nuwe Direkteure op die Bestuur en daar het net meer as 100 nuwe inwoners in die Landgoed ingetrek. Al is Bronberg 'n landgoed vir afgetredenes, is dit beslis nie 'n plek vir stagnasie nie. Dit is ons doel om elke jaar te verbeter, elke jaar te groei en ons kan hier aan die einde van 2025 met genoegdoening terugkyk op vele suksesse wat deur die jaar behaal is. Die jaar 2025 was 'n goeie jaar vir Bronberg!

Dr Andrew Murray, een van die groot teoloë van weleer, het gesê: "*Al sou ek weet dat die Here Jesus more op die wolke kom, dan plant ek vandag nog 'n boom*." Kom ons maak dit ons almal se benadering vir 2026. Ons grootste geleenthede is waar ons nou is... in Bronberg. Kom ons maak dit 'n jaar waarin ons almal 'n bydrae maak, betrokke raak, al is dit ook hoe gering. Tyd en gesondheid is die twee bates wat ons kry en het, maar nie altyd opreg waardeer totdat dit te laat is nie. Die enigste beperkinge in die lewe, is dié wat onsself stel. Ons is nie meer almal ewe sterk of gesond nie, maar kom ons skakel in, neem deel en geniet ons silwer jare in ons pragtige Landgoed.

Daar is baie om binne Bronberg na uit te sien. Ons is op 1 Oktober 2026 10 jaar oud... en ons gaan dit beslis op gepaste wyse vier. Ons Sosiale Komitee het vir ons heelwat opwindende verrassings op die program. Een daarvan is *Die Staccatos* wat vir ons gaan optree... en natuurlik "*Cry To Me*" gaan sing. Ons pak 'n hele aantal nu-



## Nuwejaarsboodskap: 2026 (Vervolg)

we projekte aan, waarvan een is om nuwe straatnaamborde op te sit.

Namens die Direksie en Bestuur wens ons u almal 'n baie Voorspoedige 2026 toe. Iemand het per geleentheid gesê dat mens nie nodig het om die boek toe te maak om 'n nuwe hoofstuk te begin nie... blaai net om. Hier kom ons 2026!!

Alles van die beste.

*Alan Snyman (1339)*
*Voorsitter*




*Ons volgende Môremark vind plaas op*
***Saterdag, 7 Februarie 2026***
*Die daaropvolgende Môremark vind plaas op*
***Saterdag, 7 Maart 2026***

*Indien jy belangstel om jou produk/te by enige van die Môremarkte uit te stal, kontak gerus vroegtydig vir* **Hennie Ackermann** *(voor die 26ste van die voorafgaande maand) om jou tafel te bespreek:*

***3225*** *(Interne telefoon)*
***082 891 6404*** *(Selfoon)*

***Per e-pos*** *by:*
***hackermann192@gmail.com***

*Die koste is as volg:*
***R100 vir 'n lang tafel (1.8 m x 0.9 m )***
***R50 vir 'n kort tafel (0.9 m x 0.9 m)***
*Indien die lang tafels vol bespreek is, plaas ons 2 kort tafels teen mekaar.*

**On Thursday mornings at 10:00, Doulien will collect items for charity at Reception. Items and wool may also be delivered at house 82 at any time.**

# Die padda wou gaan opsit!

'n Kort rukkie gelede sit ek rustig agter my rekenaar en werk, toe 'n harde gil die stilte verbreek. Ek storm oorhaastig sitkamer toe vanwaar ek 'n aanval verwag, en ontdek toe dit is my vrou wat met 'n bewende stem uitroep "padda, padda, 'n padda is in ons huis". Nou ja, na die goeie reën wat ons die afgelope tyd gehad het, is ek glad nie verbaas oor die teenwoordigheid van paddas in ons omgewing nie. Eers kon 'n mens so nou dan die solo stem van 'n enkele padda of twee hoor, maar later volg 'n koor van paddatenore wat vinnig opbou tot 'n volle *kwakofonie* van paddastemme.

Paddas is volop in ons tuine, maar dikwels vind 'n mens dat hierdie nagtelike amfibiese diertjies hulle baie gemaklik in jou huis tuismaak. Die vraag is hoe kom hulle daar en wat soek hulle daar? Daar is verskeie redes vir paddas in huise.

- Hulle word gelok deur buite- of binnehuise ligte wat insekte lok, en paddas volg dan gewoon die spoor van die voedselbron. As jou stoep- of vensterligte baie insekte lok, kan paddas naby jou huis begin rondhang en later ongesiens insluip.
- Paddas het vog nodig om hul vel gesond te hou. Gedurende warm of droë tye beweeg hulle na plekke waar dit koeler en klammer is, soos badkamers, kombuise of waskamers.
- Baie paddas is klein en beweeg maklik deur klein gaatjies, soos bv. onderdeur toe deure, vensters wat op 'n skrefie oop is, deur ventilasieroosters of dreine. Huise bied gewoonlik donker en veilige wegkruip plekke.



Bosveldreënpadda
*(Breviceps-adspersus-adspersus)*

Die teenwoordigheid van paddas lok op hulle beurt weer hulle natuurlike vyande soos slange. In Pretoria en omgewing is die klein rooilippies en soms ook klein nagadders nie onbekende besoekers nie. Hulle hou van paddaboudjies en kom moeiteloos by klein openinkies in. Maar voor ons na oplossings soek vir hierdie huishoudelike probleempie met paddas, kom ons kyk eers hoe lyk die paddabevolking van ons land.

Suid-Afrika is bekend vir sy ryke biodiversiteit, en paddas vorm 'n belangrike deel van hierdie natuurlike erfenis. Die evolusie van paddas dateer ongeveer 25 miljoen jaar terug met die ontdekking van die eerste Platanna fossiel. Op ons planeet kom daar tans 18 groot families van paddas voor en Suid-Afrika akkommodeer 9 van hierdie families. Wêreldwyd is daar reeds ongeveer 2500 spesies geïdentifiseer, met ongeveer 130 spesies wat plaaslik voorkom – baie daarvan endemies. Gesamentlik speel hulle 'n kritieke rol in ekosisteme deur byvoorbeeld insekte te beheer en as aanduiders van omgewingsgesondheid op te tree.

Suid-Afrika se paddadiversiteit word beïnvloed deur sy groot verskeidenheid habitatte, van vogtige woude en vleilande tot droë savannas en berggebiede. Hulle kan breedweg in drie groepe ingedeel word. Die tropiese spesies kom hoofsaaklik in die noord-weste van SA voor, die oorgangspesies in die oostelike gebiede met hoë reënval en die Kaapse spesies wat meesal inheems is, in die suid-westelike streek van die land.



Gebande Rubberpadda (*Phrynomantis bifasciatus)*

'n Padda se vel is waterdeurlaatbaar; indien hulle in droë toestande nie beskerm word nie, droog die vel uit en kan 'n padda uiteindelik doodgaan. Om hulle self te beskerm, het paddas velkliere wat vloeistowwe afskei om die vel klam te hou en soms ook om predatore weg te hou. Baie paddas skei toksiese stowwe af om hulle teen predatore te beskerm. Sommige skurwe paddas het bv. 'n groot parotidklier in die nekarea en die kliere skei 'n onwelriekende reuk af wanneer hulle gemolesteer word. By sommige paddas is hierdie afskeiding kardiotoksies en dit kan hallusinasies en hartversaking by mense veroorsaak indien dit in groot hoeveelhede ingeneem sou word. Die gebande rubberpadda (*Bifasciatus*), byvoorbeeld, skei 'n besonder toksiese stof af. Die swart en rooi strepe op

# Die padda wou gaan opsit! (Vervolg)

sy lyf is 'n duidelike waarskuwing vir predatore.

Paddas het meesal wye bekke sodat hulle groterige prooi heel kan insluk. Paddas se tonge is gewoonlik voor in die bek vasgeheg en die tong word vorentoe uitgeskiet om kosdeeltjies op te raap. Die bekende Brulpadda-spesies het twee tandagtige uitsteeksels in die onderkaak waarmee prooi vasgevang kan word. Die Reusebrulpadda vreet selfs ander paddas.

Die paringsroep van paddas is noodsaaklik vir hulle oorlewing. Die paringsroep is eie aan elke spesie. Dit word dan ook algemeen beskou as die mees betroubare aanduiding van watter spesie dit is. Wyfies word deur hierdie paringsroep aangetrek.



Rooirugsandpadda
*(Tomopterna marmorata)*

Bekende spesies wat in Suid-Afrika voorkom sluit in die Kaapse Rietpadda wat in die fynbos-vleilande voorkom. Hulle het helder kleure en harde paringsroepe. 'n Ander groot familie is die Skurwepaddas (*Bufonidae*) waarvan die Gewone padda wydverspreid voorkom, selfs in stedelike gebiede. Hierdie spesie speel 'n groot rol in die beheer van muskiete en ander klein ongewerweldes. Die Klapper paddas (*Breviceptidae*) is 'n kleiner rondvormige padda wat bekend is vir hulle paring waar die mannetjie styf aan die wyfie vasklou. Die bekende Reënpadda is gereeld op Hoëveldse grasvelde te vind en kan maklik aan sy opgeblase voorkoms herken word. Verder sluit Suid-Afrika se paddafauna die heldergroen Bospadda en die unieke Reusebrulpadda in, waarvan laasgenoemde een van Afrika se grootste paddas is.

In Bronberg Aftreelandgoed is verskeie paddaspesies al opgemerk. Hulle wissel in grootte van die Gewone Dwergpadda (*Boettgeri*) wat maar omtrent 23 mm lank is, tot die Rooiskurwepadda wat algemeen hier voorkom en dan natuurlik die Reuse-Afrikaansebrulpadda. Die voortbestaan van sekere paddaspesies word ongelukkig ernstig bedreig deur eksterne faktore soos habitatsverlies, besoedeling, klimaatsverandering en siektes. Bewustheid en bewaring is dus noodsaaklik om hierdie diverse en ekologies belangrike groep te beskerm.

Aan die ligter kant. Sommige paddas is formidabele atlete wat gereeld hulle springvaardighede ten toon stel. In California (VSA) word paddaspringkompetisies jaarliks gehou. Die kompetisies geskied natuurlik onder streng reëls. Die wenner is die padda wat die verste in drie agtereenvolgende spronge kan spring. Sover bekend is die rekord van Amerikaanse paddas 6.6 meter. Dit is glo reeds in 1986 opgestel deur 'n Amerikaanse Brulpadda met die naam "Rosy the Ribeter."

Paddaspringkompetisies het in ons land ook populêr begin word, veral met die koms van televisie in die 1970's. Volgens ons plaaslike paddakenner, Vincent Carruthers*, is die huidige wêreldrekord soos gelys in die *Guinness Book of Records* 'n allemintige 10.3 meter en dit word gehou deur 'n Suid-Afrikaanse Skerpneusgraspadda, opgestel op 21 Mei 1977 in Paulpietersburg by die Maroela SPA.

Terug by eie tuiste. Hoe kan ons dan nou paddas veilig buite ons huise hou, sonder om hulle voortbestaan te bedreig?

Die maklikste iets om te doen is om paddas se voedselbron buite te hou. Daar is verskeie maniere om dit te doen.



Reusebrulpadda
*(Pyxicephalus adspersus)*

- Eerstens moet eksterne beligting omsigtig beplan en bestuur word. In plaas van gewone ligte, installeer sogenaamde "Bug" ligte of selfs LED-ligte wat heelwat minder insekte lok. Beter nog, skakel onnodige buiteligte snags af.
- Seël toegangspunte deur bv. deurstroke onderaan deure te sit. Plak fyn gaasdraad oor ventilasieroosters en

## Die padda wou gaan opsit! (Vervolg)

dreinopeninge.
- Maak krake en klein openinge toe met silikon of gom.
- Hierbenewens kan jy oop waterbronne naby die huis beperk en probeer om stilstaande water in potte of skottels te dreineer.
- Hou buitekrane en pype droog en herstel waterlekkasies. Hou die huis se vloere droog.
- Verder is dit ook raadsaam om plante en bosse weg te hou van deuropeninge. Digte plantegroei teen mure of naby toegangsdeure bied skuilplek aan en lok insekte wat op hulle beurt weer paddas lok.
- 'n Mens kan selfs natuurlike afweermiddels gebruik. Paddas hou byvoorbeeld nie van sterk reuke nie. Daarom kan dit help om 'n mengsel van soutwater naby toegangsareas te spuit (maar net nie direk op plante nie). Asynwater op patiovloere, of kaneel- of olie-gebaseerde afweermiddels kan ook buite gebruik word.

As 'n padda wel daarin sou slaag om deur die verdedigingslinies wat jy om jou huis opgestel het te breek, skep dit versigtig in 'n houer op en laat dit buite in 'n beskutte en veilige plek los.

Hartlike paddagroete.

*Jan Beukes (3316)*

*Verwysing:*

* *Vincent Carruthers; Frogs and Frogging in Southern Africa, Struik Uitgewers 2001*



Gewone Platanna
*(Xenopus laevis)*

## The older I get

Song by Alan Jackson • 2021

The older I get
The more I think
You only get a minute, better live while you're in it
'Cause it's gone in a blink
And the older I get
The truer it is
It's the people you love, not the money and stuff
That makes you rich

And if they found a fountain of youth
I wouldn't drink a drop and that's the truth
Funny how it feels I'm just getting to my best years yet

The older I get
The fewer friends I have
But you don't need a lot when the ones that you got
Have always got your back
And the older I get
The better I am
At knowing when to give
And when to just not give a damn

And if they found a fountain of youth
I wouldn't drink a drop and that's the truth
Funny how it feels I'm just getting to my best years yet
The older I get

And I don't mind all the lines
From all the times I've laughed and cried
Souvenirs and little signs of the life I've lived

The older I get
The longer I pray
I don't know why, I guess that I've
Got more to say
And the older I get
The more thankful I feel
For the life I've had and all the life I'm living still

*Sent in by*
*Doulien Knopjes (3082)*

## SUDOKU

(Oplossing op bladsy 18)
(Solution on page 18)

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 | 9 | |
| 5 | | | 9 | 3 | | | | 4 |
| 4 | | | | | | 5 | | |
| | | | 2 | | | | | 6 |
| | 7 | | 6 | | 8 | | 4 | |
| 1 | | | | | 5 | | | |
| | | 5 | | | | | | 7 |
| 9 | | | | 8 | 4 | | | 3 |
| | 4 | 6 | | | | | | |

*Lulu Fisher (3292)*


**HELPENDE HANDE EN GEMOEDSRUS-RITTE**

**Ek bied betroubare vervoer na:**

Dokters, hospitale, winkels, lughawens, of enige plek waar jy ookal wil wees. *Kwotasie op aanvraag.*


**Ek doen ook klein huisherstelwerk:**

TV-opstellings, TV-probleme, vervang van ligtoestelle en gloeilampe, ophang van portrette en gordyne, installering van gordynrelings, herstel van slotte, herstel van glasskuifdeure, of enige ander handewerk.

Laat weet vir my hoe ek kan help.
Kontak Murray op **083 589 9142**

# Bronberg Retirement Estate

AIDA ESTABLISHED 1958
Everything we touch turns to sold







**Houses for Sale**

R2 210 000 - 1 Bed 1 Bath 1 Garage Pvt Garden
R3 100 000 - 3 Bed 2 Bath 2 Garages Solar

**Apartments for Sale**

R1 100 000 - 2 Bed 1 Bath 1 Carport
R1 200 000 - 2 Bed 1 Bath 1 Carport
R1 350 000 - 2 Bed 1 Bath 1 Carport - (Ground floor)

**Rentals**

R8 500pm - 1 Bed 1 Bath 1 Carport
R9 500pm - 2 Bed 1 Bath 1 Carport




SCAN ME




BRONBERG RETIREMENT ESTATE

Kobus Potgieter
082 854 1727
kobus@aidapta.co.za
Registered with the PPRA

## Blokraai

[deur Lulu Fisher (3292) - Oplossing op bladsy 13]




**DWARS:**

1 Vergoeding (11)
9 Gehoor orgaan (3)
10 Dogter van Sagaria (3)
11 Antieke naam vir Klein-Asië (5)
12 Deurgang tussen berge (5)
13 Afkorting vir Adjudant-Offisier (2)
16 Lid van 'n Berbervolk in Noord-Afrika (6)
18 Pitlose lemoen met 'n nawelvormige puntjie (5)
21 Straatsteen (5)
22 Skepper (5)
23 Badplaas (3)

**AF:**

2 Skuilnaam van die skrywer W.J. du P. Erlank (7)
3 Nierspesialis (7)
4 Wildtuin in Namibië (6)
5 Kortaf (5)
6 Staat in die VSA (5)
7 Sewehoekig (11)
8 Dramaties (11)
14 Spaanse eiland (7)
15 Druiwesuiker (7)
17 Telraam (6)
19 Hoofstad van Oostenryk (5)
20 Dier (5)

# Oggendtee vir almal met vlytige hande

Op 20 November kon ons op 'n gesellige wyse die dames en mans wat betrokke is by die brei- en hekelprojek bedank vir hul bereidwilligheid om 'n verskil te maak. So in die stilligheid, voor die televisie, op die stoepe en in motors saam met kinders word wonderwerke geskep. Die wol wat deur die Rotariërs en die Sosiale Komitee van Bronberg-Aftreelandgoed gefinansier word, word met liefde omskep in nuttige artikels. Die gebreide kombersies, musse en serpe word aan kinderhuise, vir die versorging van kinders met kanker, aan minder gegoede ouetehuise en aan ander welsynsorganisasies geskenk. Daar is ook babaklere wat aan instansies wat weggooi-babas en kleuters versorg, geskenk kon word. So kuier-kuier en met die gesellige vermaak van die kunstenaar Ceasar de Almeida kon ons die afgelope jaar betrag en beplan vir die volgende jaar. Ons sluit die woorde van die lied wat deur Ceasar gesing is en op ons almal betrekking het, in. Hou die wol en naalde besig oor die vakansietyd al word daar elke jaar nog 'n jaar by ons ouderdom gevoeg.

Baie dankie aan almal wat hekel en brei en help en aan die goedgesindheid van die Sosiale Komitee.

*Doulien Knopjes (3082) en Vicki Botjé (3160)*







# Die Sosiale Komitee sosialiseer

Met die Sosiale Komitee se jaarlikse afsluitingsfunksie kon jy sien hoekom ons so genoem word; ons kan op ons eie ook partytjie hou.

Die slimste plan was om hier op eie bodem 'n vetgemaakte lam heelhuids, nie heeltemal nie, te braai. Dit kan mos darem 'n lekker uitgerekte affêre raak sonder dat sekere mense heeltyd vra "nou wanneer gaan ons eendag eet."

Al die beste van reëlings het Johan en Estelle, in samewerking met die ARMS en die kombuis, getref – wat almal se verwagting oortref het.


Toe ons braai, toe kuier ons. Daar word vertel van die vele insidente wat die komitee en baie van die lede op die lyf geloop het. Mooi insidente, maar ook ongemaklike situasies wat hanteer moes word. Ons ruil die vele idees wat na ons kant toe gekom het uit, en lag lekker vir die buitengewone aanbevelings wat gelukkig nooit tot uitvoering gebring kon word nie. Gelukkig skinder ons mos nie!

Die lekker gebraaide skaapvleis is goed aangevul met die gebakte aartappels en verskeidenheid slaaie. Lank lewe die kok… en die skinker!

Watter lekkerte om na 'n jaar se voluit werk, organiseer en opoffer, tydens hierdie heerlike geleentheid ook vir mekaar te kon dankie sê. Dankie vir die hartlike gees waarin die lede kon saamwerk en 'n wonderlike saamstaan span kon bou.

Die onderneming het darem deurgeskemer dat ons volgende jaar vir die Bronbergers weer 'n opwindende program van pret en gesellige saamwees gaan opdis.

*Wilco Beukes (3147)*




***Happy Birthday to all who celebrate their birthdays in January. Blessings from all of us.***

***Hartlike gelukwense aan elkeen wat in Januariemaand Gebore is. Seënwense van ons almal.***

## A WORD TO OUR ADVERTISERS


Advertisements ensure the existence of a newspaper, a weekly or monthly. The Editorial Staff of our monthly newsletter, *Bronberg Brokkies and Snippets,* therefore really appreciates your support in this respect. We invite other businesses, private practitioners, especially those in our area, Bronberg, Olympus etc, to place your advertisements with us. In Bronberg Retirement Estate the monthly newsletter is read by more than 600 residents.

Please contact *Lulu Fisher* by e-mail (*luluf@mweb.co.za*) for details regarding the various options and cost of advertising.
*Editor*



Daar is wol beskikbaar by Doulien (huis 82) en Vicki (huis 160) vir die vlytiges. Ons brei of hekel blokke vir komberse of hele kniekomberse, mussies en serpe, asook teddies en speelgoed. Ons is ook op soek na vrywilligers wat kan help om die blokke aanmekaar te werk of te hekel vir kombersies. Baie dankie aan al die inwoners wat altyd bereid is om te brei en te hekel.

*Doulien Knopjes (3082)*



Happy new year!
2026

NEW YEAR
NEW HOME!

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions
www.csi-euf.co.za
011 805 6316

Contact us today if you would like to rent or buy at **Bronberg Retirement Estate!**

**PROPERTIES FOR SALE - ESTELLE: 060 015 9882**

- Stunning 3 bedroom, 2 bathroom house with x1 garage - **R2100 000**
- Beautiful 2 bedroom, 2 bathroom house with x1 garage - **R1950 000**

**PROPERTIES TO LET - ESTELLE: 060 015 9882**

- Spacious 1 bed, 1 bath ground floor apartment - **R9000PM**
- Lovely 1 bed, 1 bath apartments to rent from **R8500PM**
- Cozy 2 bed, 1 bath apartments to rent from **R9300PM**

*Pas*
**GELYS**
**R1 980 000**


- Twee slaapkamers
- Twee badkamers
- Baie privaatheid
- Pragtige tuin
- Sonpaneelstelsel ingesluit

Seeff
KEEP MOVING

**BRONBERG AFTREELANDGOED**







**VERKOOP TEEN 100% VAN VRAPRYS!**

**BEL VANDAG!**
Pieter vd Merwe | 083 273 5407
*pieter.vdmerwe@seeff.com*




## Word Search

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| S | H | C | S | S | C | A | R | F | W | R | B | O | X |
| R | K | P | F | Q | N | N | E | C | K | T | I | E | W |
| H | N | I | G | H | T | G | O | W | N | F | K | J | E |
| N | V | P | R | R | T | F | Q | O | Q | N | I | A | D |
| E | D | G | R | T | P | U | O | C | A | B | N | C | D |
| S | P | T | H | O | P | E | X | G | R | C | I | K | I |
| W | A | R | I | V | M | I | B | E | B | N | P | E | N |
| I | N | O | G | O | E | D | X | V | D | F | L | T | G |
| M | T | U | H | O | S | S | R | Z | H | O | J | W | D |
| S | Y | S | H | B | C | O | T | E | S | U | I | H | R |
| U | H | E | E | I | A | V | C | K | S | H | Y | E | E |
| I | O | R | E | J | R | P | Q | K | Q | S | I | T | S |
| T | S | S | L | N | J | E | A | N | S | S | R | R | S |
| U | E | N | S | I | Q | U | E | Q | B | Q | I | F | T |

JACKET
VEST
SOCKS
SHIRT
JEANS
SCARF
PROMDRESS
PANTYHOSE
SWIMSUIT
TUXEDO
NIGHTGOWN
HIGHHEELS
WEDDINGDRESS
NECKTIE
TROUSERS

*Lulu Fisher (3292)*









**Meegevoel / Condolences**

It has come to our attention that some of our residents have lost a loved one during the past few weeks. We wish to offer our sincere condolences. May you find peace and consolation and experience God's presence every day.

*Ons het van die verlies van 'n geliefde van enkele inwoners gedurende die afgelope paar weke verneem. Ons betuig hiermee ons opregte meegevoel. Mag u berusting vind en ons Vader u troos en dra in hierdie besonder moeilike tyd.*

*Redaksie/Editors*

Voel asseblief welkom om
Dienie Guthrie (3072), Sybil Basson (1104) of Corrie Naudé (3053)
te kontak indien u graag 'n versoek vir
voorbidding aan die Gebedsgroep wil rig

# Die gawe van gee

"*Dit is so wonderlik dat daar mense daar buite is wat aan ons dink. Dit gee ons hoop.*"

Dit is volgens die Maatskaplike werker by die *President Kruger Kinderhuis*, die woorde van een van die kinders.

In hierdie sinnetjie is die doel van al ons uitreik, handewerk en uitdeel vervat. Dit is die rede waarom ons as ouer mense graag betrokke wil bly by liefdadigheidswerk. Ons hekel, ons brei, ons doen naaldwerk, maak pakkies op en maak Kersfeeskrakers en sop.




Op Vrydag 5 Desember was ons weer gelukkig genoeg om met Alex se bussie brei- en hekelwerk te kon aflaai. Ons eerste stop was by *Jaffa Ouetehuis*. Hierdie ouetehuis word deur die Joodse gemeenskap ondersteun. Die hoofrede vir ons besoek was om kombersies aan ouer mense van Sunnyside te gaan uitdeel. Hulle was eers vyftien mensies – nou tien. Hierdie is die ouer mense wat eers in Sunnyside en toe in Bloedstraat gewoon en van honger sou omgekom het as die dokter in Sunnyside nie ingegryp het nie. Hulle kon nie met hulle SASSA-geld vir kos en verblyf betaal nie. Ons het al vir hierdie mense gaan sop aflewer. Die Maatskaplike werker wat ook by *Huis Herfsblaar* betrokke is, het ook na hierdie mense uitgereik. Sy het kontakte by Joodse





organisasies en by *Afriforum*. Hoe sy dit bewerkstellig het dat hierdie mense na Jaffa Ouetehuis oorgeplaas kon word, is haar geheim. Ons was egter baie dankbaar dat hulle nou in aanvaarbare omstandighede verblyf het. Ons was gelukkig dat ons vir heelwat meer ouer mense kniekombersies kon uitdeel.



Die uitreik na *Nicus Lodge* wat huisvesting aan kankerkindertjies en hulle moeders verskaf, het ons ook weer aan die hart geruk. Tydens ons besoek was 'n Kersfeespartytjie vir die kinders en hulle ouers gereël. Hierdie instansie kry weinig befondsing van die staat en is hoofsaaklik afhanklik van uitreikaksies van individue en organisasies. Elke kind het 'n ge-

# Die gawe van gee



skenk gekry en elke gesin 'n houer met Kerssnoeperye. Vera, wat hierdie tuiste bestuur, poog om pasiënte na behandeling met 'n sak vol kruideniersware huistoe te stuur. Hulle probeer om die nodigste voedselvoorraad vir die pasiënte na chemoterapie aan te vul. Ons het ook babaklere daar afgelewer. Volgens Vera het hulle 365 dae van die jaar pasiënte waarvan sommiges pasgebore babas is.




Die 50 teddies en Kersfeeskrakers wat ons by die *Paul Kruger Kinderhuis* afgelewer het, kon dadelik plesier verskaf. Die Maatskaplike werker het besluit om die krakers sommer saam met die middagete net na ons besoek uit te deel.

In die "*Jingle Bells*" tyd kon ons ons ook daarin verheug dat ons by kleuterskole en laerskole in minder gegoede gebiede Kersvreugde en mussies kon versprei. Elke Kersstekie met liefde gemaak, bring Christusvreugde in hierdie tyd.

*Doulien Knopjes (3082)*



## **Blokraai Oplossing** (van bladsy 7)

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 R | 2 E | M | 3 U | N | 4 E | R | 5 A | S | 6 I | E | |
| 7 H | | I | | R | | T | | B | | D | | 8 H |
| E | | T | | O | | 9 O | O | R | | 10 A | B | I |
| P | | 11 E | O | L | I | S | | U | | H | | S |
| T | | M | | O | | H | | 12 P | O | O | R | T |
| A | | A | | O | | 13 A | O | | | | | R |
| G | | L | | G | | | | 14 M | | 15 G | | I |
| O | | | | | 16 K | 17 A | B | I | E | L | | O |
| 18 N | A | 19 W | E | 20 L | | B | | N | | U | | N |
| A | | E | | E | | A | | O | | 21 K | E | I |
| A | | N | | 22 M | A | K | E | R | | O | | E |
| L | | E | | U | | U | | K | | S | | S |
| | | N | | R | | 23 S | P | A | | E | | |

## Lede van die Sosiale Komitee

| | | | |
|---|---|---|---|
| Wilco Beukes (Voors.) | 3147 | Desirée Morgan | 3017 |
| George Pearson | 1121 | Riana Ackermann | 3225 |
| Elsa Ferreira | 3305 | Hanna Kotze | 1227 |
| Doulien Knopjes | 3082 | Jakkie Beukes | 3147 |
| Hester Naudé | 3053 | Rita Smit | 3269 |
| Christa Roux | 3231 | Anna du Plessis | 3230 |
| Hennie Ackermann | 3225 | Esther Smit | 3237 |
| Estelle Fölscher | 3198 | Johan Fölscher | 3198 |
| Jan de Beer | 3116 | Lynette Viljoen | 3216 |
| Ina Prinsloo | 1123 | Renier Jansen van Rensburg | 3138 |
| Lianné Jansen Van Rensburg | 3138 | Nakkie Watkins | 1129 |
| Mariana Stanbury | 3090 | | |

***Kontak gerus een van hulle as julle voorstelle wil maak of hulp wil aanbied by die Môremark***

## BOERIE ROLL BRAAI



## WORSBROODJIEBRAAI

**29 Januarie 2026 - 17:00**

**Hall opens at 16:00 to set tables.**
**Arrive at 17:00 and socialize until the wors will be ready.**
**Bring your own plate, glasses, cutlery and drinks.**
**No plates, glasses or cutlery from the dining hall may be used.**

**IMPORTANT**

Please remember to bring your ticket with you.
No takeaway meals are allowed.

**Saal open 16:00 om tafels te dek.**
**Arriveer om 17:00 en kuier lekker saam tot die wors klaar gebraai is.**
Bring asb. jou eie bord, eetgerei, glas en drinkgoed.
*NB. Geen borde, glase of eetgerei mag van die eetsaal gebruik word nie.*

**BELANGRIK**

Onthou asb om u kaartjie saam te bring na die braai.
Geen wegneem etes word toegelaat nie.


## HJD Conveyancers & Realty

| EXCEPTIONAL NEW RENTAL OPPORTUNITY | FOR SALE LATEST LISTINGS | |
|---|---|---|
| **2-Bedroom home with a view R12 000 per month (long-term)** | **Spacious 3-bedroom home Price: R3 400 000** | **Spacious & immaculate 3-bedroom home Price: R3 100 000** |
| This lovely home offers a breath-taking view.<br>**Key Features:**<br>❑ Stunning panoramic view<br>❑ 2 Bedrooms<br>❑ 1 Bathroom<br>❑ Single garage & carport<br>❑ 5 kVA Solar system<br>❑ Beautiful, well-maintained garden<br>❑ Ideal for long-term tenants seeking peace and convenience | This property offers both tranquillity and charm – Enjoy exceptional outdoor living.<br>**Key features:**<br>❑ 3 Bedrooms<br>❑ 2 Bathrooms<br>❑ Double garage & carport<br>❑ Freestanding braai<br>❑ SMEG gas stovetop – ideal for cooking enthusiasts<br>❑ Slow-burner heater for cosy winter evenings<br>❑ Prime location with "koppie" view<br>❑ Well-designed spaces suited for modern living | This large, well-maintained home offers comfortable living in a secure and peaceful environment.<br>**Key features:**<br>❑ 3 Spacious bedrooms<br>❑ 2 Modern bathrooms<br>❑ Double garage<br>❑ Neat, secure garden<br>❑ 5 kVA Solar system for energy efficiency and reduced running costs |

For more information, or to arrange a viewing
**Contact Wilco Beukes – 082 387 5461**

## Funniest quotes about ageing

"The older I get, the more clearly I remember things that never happened." (*Mark Twain*)

"First you forget names, then you forget faces, then you forget to pull your zipper up, then you forget to pull your zipper down." (*Leo Rosenberg*)

"At fifty, everyone has the face he deserves." (*George Orwell*)

"At age 20, we worry about what others think of us... at age 40, we don't care what they think of us... at age 60, we discover they haven't been thinking of us at all." (*Ann Lander*)

"As you get older three things happen. The first is your memory goes, and I can't remember the other two." (*Sir Norman Wisdom*)

"It's paradoxical that the idea of living a long life appeals to everyone, but the idea of getting old doesn't appeal to anyone." (*Andy Rooney*)

"Birthdays are good for you. Statistics show that the people who have the most live the longest."(*Larry Lorenzon*)

"I'm 59 and people call me middle-aged. How many 118-year-old men do you know?" (*Barry Cryer*)

"Old age isn't so bad when you consider the alternative." (*Maurice Chevalier*)

"Grandchildren don't make a man feel old, it's the knowledge that he's married to a grandmother that does." (*J. Norman Collie*)

"When your friends begin to flatter you on how young you look, it's a sure sign you're getting old." (*Mark Twain*)

"Time may be a great healer, but it's a lousy beautician." (*Anonymous*)

*HAPPY AGEING AND GROWING*

*Source unknown*
*Sent in by*
*Ingrid Weinert (3201)*

## Mobility Aids for Bronberg Residents

Bert Knopjes (House 82), has a project to assist residents who need a wheelchair or walker for a shorter period of time.

These aids can be rented at a minimal cost and the income derived is used to repair equipment when necessary.



Wheelchairs R30/month or R10/week.
Walkers R10/month. Crutches R10/month.
Rental period: maximum 6 months.

Donations of mobility aids by people who are not using them any longer, will willingly be accepted, even if broken or incomplete.

# Die natuur om ons

Ons is bevoorreg in Bronberg om soveel van die natuur om ons te kan geniet — van die groot verskeidenheid voëls en plante tot klein diertjies soos akkedisse, geitjies en paddas. Na die onlangse aanhoudende reën sien mens in ons tuine verskeie soorte swamme (fungi) of in die algemene taal "paddastoele". Daar is slegs in die Pretoria-omgewing by die 109 spesies sampioene. In Suid-Afrika is daar 'n geskatte 171 500 spesies. Sommige is moeilik uitkenbaar en die versigtigheidsreël is om alle sampioene wat ons in die natuur aantref, as giftig te beskou.



*Coprinus comatus*
(Wolhaar inkmus)



*Conocybe tenera*
(Kaneelkappie)

Met 'n onlangse stappie teen die Bronbergkoppie, saam met die kleinkinders, sien ons 'n besondere tipe sampioen; wit met bruin strepe op (sien foto hieronder).



?

Suid-Afrikaanse sampioene wat deur Gorter en Eicker van die Universiteit van Pretoria saamgestel is, met die Afrikaanse name naas die wetenskaplike en Engelse name.[1]

Die natuur is daar om geniet te word en klein wonderwerkies is soms voor ons oë.

*Philip Jacobs (3308)*

*Verwysing:*

*1 Gorter, G.J.M.A.; Eicker, A. (27 Maart 1988). "Vaktaalrubriek: Gewone Afrikaanse en Engelse name vir die meer algemene Suid-Afrikaanse sampioene en ander makroswamme". Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie. 7 (1): 55–64.*

## Waardevolle lewenslesse


As jy 'n kansie het lees dit asb. en sit dit op 'n plek om weer en weer te lees:

1. Die beste manier om iemand "terug te kry," is om te vergewe.
2. Voed jou geloof en jou twyfel sal sterf van die honger.
3. Tensy jy die hele skepping kan skep in 5 dae, is dit miskien nie so 'n goeie idee om vir God voor te skryf nie.
4. Suksesvolle huwelike is nie om die regte persoon te vind nie, maar om die regte persoon te wees.
5. As die gras groener is aan die ander kant van die draad kan jy verseker wees die waterrekening is ook hoër.
6. Woede is 'n toestand waar die tong vinniger werk as die verstand.
7. Jy kan nie die verlede verander nie, maar jy kan die huidige ruïneer deur te bekommer oor die toekoms.
8. God gee altyd Sy beste aan hulle wat die keuse aan Hom oorlaat.
9. Alle mense glimlag in dieselfde taal.
10. 'n Drukkie is 'n groot geskenk! "One size fits all!"
11. Almal verdien om bemin te word... veral hulle wat dit nie verdien nie.
12. Die werklike maatstaf vir 'n man se rykdom is wat hy belê het in die lewe hierna.
13. Elke een het skoonheid, maar nie almal sien dit nie
14. Dank God vir wat jy het en VERTROU HOM vir wat jy benodig.
15. Indien jy jou hart vul met verwyte oor gister en bekommernisse van môre, het jy geen vandag om voor dankbaar te wees nie.
16. Indien iemand iets slegs van jou sê, leef só dat niemand dit glo nie.
17. Geduld is die vermoë om jou "engine" te laat "idle" terwyl jy voel jy wil jou "gears strip."
18. Harde woorde breek nie bene nie, maar wel harte.
19. Liefde word versterk deur saam deur konflik te werk.
20. Om uit die moeilikheid te kom, moet mens gewoonlik daardeur.
21. Ons neem die dinge waarvoor ons moet dankie sê as vanselfsprekend aan.
22. Liefde is die enigste ding wat verdeel kan word sonder dat dit minder word.
23. Neem tyd om te lag, want dit is die musiek van die siel.

Bêre hierdie waarheid...



*Bron: Sosiale media*
*Ingestuur deur*
*Jan de Beer (3116)*




**FRANNA**

- Ek bied basiese opleiding en inligting aan in rekenaargeletterdheid.
- Wiskundeklasse vir alle grade op skool.
- Vervoer na winkels, dokters, besighede en lughawe. Ek sal ook saam met u wag tot nadat aankope gedoen is en behulpsaam wees met pakkies.
- Ek doen ook basiese hersteldienste by u aan huis bv. portrette en gordyne opsit, lekkende krane en los skroefies en werkies.

Skakel. 0810698320

## Sudoku Oplossing / Solution

(van bladsy 6 / from page 6)

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 6 | 2 | 3 | 4 | 5 | 7 | 1 | 9 | 8 |
| 5 | 8 | 1 | 9 | 3 | 2 | 7 | 6 | 4 |
| 4 | 9 | 7 | 8 | 6 | 1 | 5 | 3 | 2 |
| 3 | 5 | 4 | 2 | 7 | 9 | 8 | 1 | 6 |
| 2 | 7 | 9 | 6 | 1 | 8 | 3 | 4 | 5 |
| 1 | 6 | 8 | 3 | 4 | 5 | 2 | 7 | 9 |
| 8 | 3 | 5 | 1 | 9 | 6 | 4 | 2 | 7 |
| 9 | 1 | 2 | 7 | 8 | 4 | 6 | 5 | 3 |
| 7 | 4 | 6 | 5 | 2 | 3 | 9 | 8 | 1 |

*Lulu Fisher (3292)*

*Dinsdag / Tuesday*
*20 Januarie 2026 @ 14:00*




**MISHANDELING van BEJAARDES**



**ELDERLY ABUSE**




*Aangebied deur / Presented by*
***KARA PIETERS***
***Maatskaplike werker / Social worker***

***Gratis / Free***

# Kom deel 'n maklike resep met ons lesers / Share an easy recipe with our readers

Deel jou getoetste resep met ons lesers — stuur jou resep (saam met 'n foto van die voltooide produk) per e-pos na luluf@mweb.co.za
/
Share your tested recipe with our readers — send your recipe (together with a photograph of the finished product) by e-mail to luluf@mweb.co.za

## Rens se Hoenderpastei



**Bestanddele:**

- 1 Groot (± 2 kg) gaar hoender — ontbeen en gevlok
- 250 g Spek (gesnipper)
- Hoenderspeserye, fyn naeltjies, knoffelvlokkies, sout en peper na smaak
- 1 of 2 uie — fyn gekap
- 250 g Sampioene — in skyfies gesny
- 1 Pakkie hoenderroomsoppoeier
- 1 Pakkie "Chicken a la King Cook in Sauce"
- 1 Koppie gemengde groente (gevriesde groente)
- 750 ml Melk
- 1 Pak gekoopte blaardeeg (Puff pastry)

**Metode:**

1. Braai uie, spek en sampioene.
2. Voeg groente by en roerbraai vir 'n rukkie.
3. Meng die pakkie "Chicken a la King Cook in Sauce" en die hoenderroom-soppoeier met die melk by en laat effe kook.
4. Voeg speserye en hoender by en kook tot dik. Indien die mengsel te dun is, voeg bietjie meel by om te bind.
5. Plaas die mengsel in 'n groot gesmeerde bak en maak met blaardeeg toe.
6. Bak in vooraf verhitte oond teen 180°C vir ongeveer 30 tot 45 minute of tot kors ligbruin (en gaar) is.

*Bron: Facebook (Dewald's Kitchen)*

*Ingestuur deur*
*Lulu Fisher (3292)*

REDAKSIE / EDITORS

**Koördineerder / Coordinator:**

Alan Snyman (1339)
E-pos / E-mail:
alansnyman459@gmail.com

**Redakteur / Editor:**

Philip Jacobs (3308)
E-pos / E-mail:
ghaitshi@gmail.com

**Engelse taalversorging / Editor English:**

Steph McFarlane (3140)
E-pos / E-mail:
lawrie.steph@gmail.com

**Samestelling en Uitleg / Compilation and Layout:**

Lulu Fisher (3292)
E-pos / E-mail:
luluf@mweb.co.za

**Medewerkers / Co-workers:**

Maretha van Heerden (3136)
E-pos / E-mail:
maretho.mvh@gmail.com

Jan Beukes (3316)
janharm45@gmail.com

Alle artikels vir die volgende nuusbrief moet, verkieslik, op die laatste teen die 18de dag van die voorafgaande maand by die Redakteur ingehandig word, om te verseker dat dit betyds nagegaan/gekeur en verwerk kan word.

---

In order to check/ approve and process articles in time for the next newsletter, it should, preferably, be submitted to the Editor by no later than the 18th day of the preceding month.

# Weeklikse Aktiwiteite / Weekly Activities

| Dag / Day | Vroegoggend / Early Morning | Midoggend / Mid-Morning | Namiddag / Afternoon |
|---|---|---|---|
| Sondag / Sunday | 9:00 Kerkdiens / Church Service | | |
| Maandag / Monday | 9:00 Lyndansklas In Mandoliensaal / Line dancing class In Mandolin Hall (Beginners) | 10:30 Pilatesoefeninge in die Mandolien-saal / Pilates Exercises in the Mandolin hall | 14:00 19 Januarie Bybelstudie in Mandoliensaal / Bible study in Mandolin Hall<br><br>16:00 Sit & Fit in Mandoliensaal / Mandolin hall |
| Dinsdag / Tuesday | 08:15 CareVita#fit Exercise classes in Mandolin hall | 10:00 Bybelstudie in Mandoliensaal<br><br>10:00 Wateraërobatiek in die swembad / Water aerobics In the pool | 14:00 Rummikub in "Games Room", Block A, 1st floor, next to the Laundry<br><br>14:00 *20 Januarie* Maatskaplike werker praatjie In Mandolien-saal / Social Worker talk In Mandolin hall |
| Woensdag / Wednesday | 9:00 Bussie na Woodlands Inkopiesentrum / Bus to Woodlands Mall<br><br>9:00 Kerkdiens / Church Service | | |
| Donderdag / Thursday | 8:00 Sit & Fit in Mandoliensaal / Mandolin hall | 10:30 Lyndansklas (gevorderd) in Mandoliensaal / Line dancing class (advanced) in Mandolin hall<br><br>10:00 Wateraërobatiek In die Swembad / Water Aerobics in the Pool | 13:30 Handwerkgroep by Biblioteek / Handwork Group at Library<br><br>14:00 Rummikub in "Games Room", Block A, 1st floor, next to the Laundry |
| Vrydag / Friday | 08:15 CareVita#fit Exercise classes in Mandolin hall<br><br>09:00 Bussie na Olympus Checkers / Bus to Olympus Checkers | | 14:30 Bingo in dining room |